

Liewe SUT Gemeenskap

Soos u weet, het die Staatspresident 'n nasionale noodtoestand met betrekking tot die COVID-19 (die koronavirus) verklaar.

Die SUT Covid-19 (Koronavirus) Insidente Bestuurspan, bestaande uit alle belanghebbendes en kundiges aan die universiteit, het op Maandag, 16 Maart 2020 vergader. Na aanleiding van die vergadering, het Bestuur die volgende maatreëls met onmiddellike effek geïmplementeer:

- ❖ Die akademiese aktiwiteite by die Bloemfontein kampus sal op Dinsdag, 17 Maart 2020 aanlyn plaasvind, en alle kontaksessies, insluitende lesings, toetse en laboratoriumwerk, is gestaak.
- ❖ Aangesien die vakansie vir die Welkom kampus reeds begin het, is daar besluit om die vakansietydperk vir die Bloemfontein kampus, wat op 20 Maart 2020 moes begin, te vervroeg. Die vakansie sal nou op Woensdag, 18 Maart 2020 begin. Dit sal die universiteit, in samewerking met die Minister, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO), en Universiteite Suid-Afrika (USAf), in staat stel om beplanning vir die langer termyn met betrekking tot die 2020 akademiese jaar te onderneem. Volgens die SUT Kalender sal die akademiese program vir die tweede kartaal van 2020 op Maandag, 30 Maart 2020 begin. Die huidige situasie sal gemonitor en geëvalueer word. Indien daar enige veranderinge weens verdere ontwikkelinge is, sal sodanige verwickelinge so gou as moontlik gekommunikeer word.
- ❖ Hierdie reëlings sal 'n impak op die werksaamhede van die universiteit hê. Waar moontlik, mag personeel vanaf 18 tot 20 Maart 2020 van die huis af werk, en aansoeke vir amptelike verlof vir nie-essensiële dienste sal goedgekeur word. Die betrokke Lynbestuurders sal hierdie werksreëling bestuur. Die normale verlofreëlings wat gedurende gewone vakansietye geld, sal vanaf 23 Maart 2020 van toepassing wees.
- ❖ 'n Verbod is op alle inkomende en uitgaande internasionale reise deur personeel, studente en besoekers geplaas, effektief vanaf 16 Maart 2020 tot einde Junie 2020.
- ❖ In ooreenstemming met die nasionale beroep, sal alle nasionale gebeurtenisse met betrekking tot konferensies, seminare, simposiums, werkswinkels en geleenthede wat deur die universiteit aangebied word, en wat daartoe sal lei dat inkomende gaste die universiteit sal besoek, gekanselleer word, effektief vanaf 16 Maart 2020 tot einde Junie 2020.
- ❖ Die herfs gradeplegtighede wat vanaf 17 tot 22 April 2020 sou plaasvind, sal na 'n latere datum in die jaar, wat nog vasgestel moet word, verskuif word. Die Registrateur sal met die graduandi kommunikeer rakende hoe hulle die sertifikate vir hul kwalifikasies in die hande kan kry.
- ❖ Die streng higiëniese maatreëls wat op ons kampusse geïmplementeer is, word versterk, insluitende in die koshuise, lesingslokale, laboratoriums, kantore en ablusiefasiliteite.

- ❖ Beide die Bloemfontein en Welkom kampusse se Primêre Gesondheidsorgklinieke is op hoë vlakke van gereedheid, en het alle aksies wat deur die Nasionale Departement van Gesondheid sowel as die Vrystaatse Departement van Gesondheid voorgeskryf is, geïmplementeer. Geaffekteerde en geïnfekteerde studente en personeel moet onmiddellik die volgende blitslynnommer skakel: **0800029999**.
- ❖ Studente en personeel wat vanaf 14 Februarie 2020 na hoë-risiko lande gereis het, word vir 'n tydperk van 14 dae in selfkwarantyn geplaas, en indien enige van die simptome waargeneem word, sal daar van sodanige individue verwag word om verpligte toetse te ondergaan. Hoë-risiko lande sluit tans die volgende in: Italië, Iran, Suid-Korea, Spanje, Duitsland, die Verenigde State van Amerika (VSA), die Verenigde Koningryk (VK) en China.
- ❖ Ons het reeds onmiddellike en deurgaanse kommunikasie met SUT studente wat tans op uitruilprogramme oorsee is, bewerkstellig, en verdere maatreëls sal, waar nodig, geïmplementeer word.
- ❖ Die bewusmakingsveldtog onder die SUT gemeenskap oor hoe om die verspreiding van die virus te voorkom en die welstand van almal te verseker, sal versterk word.

Aangesien die gesondheid en welstand van ons personeel en studente ons hoogste prioriteit by SUT is, is ons oortuig daarvan dat hierdie maatreëls, insluitende om fisiese kontak met ander mense te minimaliseer, daartoe sal bydra dat die verspreiding van die virus gestuit word. Bykomend daartoe verkeer ons in noue samewerking met die DHOO, die Nasionale en Provinsiale Departemente van Gesondheid, nasionale en plaaslike agentskappe wat vir noodreaksie protokols verantwoordelik is, en die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (NIOS), om te verseker dat ons universiteit veilig is.

Dit is ook van uiterste belang dat u na u algemene welstand omsien. Tref alle nodige voorsorgmaatreëls wat deur u dokter aanbeveel word indien u na 'n area reis waar die virus geïdentifiseer is en versprei.

Die SUT gemeenskap het in die verlede bewys dat ons uitdagings as 'n span kan oorkom. Laat ons, in samewerking met ons regering, agentskappe en die SUT Raad, saamwerk om die welstand en veiligheid van die SUT gemeenskap te bevorder.

Ek vertrou dat u positief op hierdie maatreëls sal reageer, en dat ons, as die SUT Span, in samewerking met ons mede-Suid-Afrikaners en internasionale studente, hierdie krisis sal oorkom.

Mag julle almal geseënd wees! May you all be blessed! E se e ka Ramasedi a ka le hlohonolofatsa!

Prof. Henk de Jager

Visiekanselier & Rektor

(16 Maart 2020)